

Skriflesing: 2 Kronieke 36:14- 23; Levitikus 25:1-7

Teks: **2 Kronieke 36:21**

Sing- **Ps. 84:1,2; Ps. 32:5; Ps. 55:1,7; Ps. 40:5**

2 Kronieke 36:14-23

2Ch 36:14 Ook al die owerstes van die priesters en die volk het baie ontou gehandel, volgens al die gruwels van die heidene, en die huis van die HERE wat Hy in Jerusalem geheilig het, verontreinig.

2Ch 36:15 En die HERE, die God van hulle vaders, het vroeg en laat na hulle gestuur deur die diens van sy boodskappers; want Hy het medelyde met sy volk en met sy woning gehad.

2Ch 36:16 Maar hulle het die boodskappers van God uitgelag en sy woorde verag en met sy profete gespot, totdat die grimmigheid van die HERE teen sy volk opgekom het, totdat daar geen genesing meer was nie.

2Ch 36:17 So het Hy dan die koning van die Chaldeërs teen hulle laat optrek, en dié het hulle jongmanne met die swaard in die huis van hulle heiligdom gedood en geen jongman of jongmeisie, oue of gryse, verskoon nie: Hy het alles in sy hand gegee.

2Ch 36:18 En al die voorwerpe van die huis van God, groot en klein, en die skatte van die huis van die HERE en die skatte van die koning en van sy vorste, alles het hy na Babel gebring.

2Ch 36:19 En hulle het die huis van God verbrand en die muur van Jerusalem omgegooi en al die paleise daarvan met vuur verbrand, sodat al die kosbare voorwerpe daarvan vernietig is.

2Ch 36:20 En die wat van die swaard oorgebly het, het hy na Babel in ballingskap weggevoer, en hulle het vir hom en sy seuns slawe geword, totdat die koninkryk van Persië tot heerskappy gekom het,

2Ch 36:21 sodat die woord van die HERE deur die mond van Jeremía vervul sou word: totdat die land vir sy sabbatte vergoeding gekry het; al die dae van die verwoesting het dit gerus om sewentig jaar vol te maak.

2Ch 36:22 En in die eerste jaar van Kores, die koning van Persië, het die HERE—sodat die woord van die HERE deur die mond van Jeremía in vervulling sou gaan—die gees van Kores, die koning van Persië, opgewek, dat hy ‘n oproep deur sy hele koninkryk laat gaan het, selfs ook skriftelik, om te sê:

2Ch 36:23 So sê Kores, die koning van Persië: Al die koninkryke van die aarde het die HERE, die God van die hemel, aan my gegee, en Hy het my opgedra om vir Hom ‘n huis te bou in Jerusalem wat in Juda is. Enigeen onder julle wat aan sy volk behoort—mag die HERE sy God met hom wees, en laat hom optrek!

Levitikus 25:1-7

Lev 25:1 Verder het die HERE met Moses gespreek by die berg Sinai en gesê:

Lev 25:2 Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: As julle in die land inkom wat Ek julle gee, moet die land ‘n sabbat hou vir die HERE.

Lev 25:3 Ses jaar lank mag jy jou land saai en ses jaar lank jou wingerd snoei en die opbrings daarvan insamel;

Lev 25:4 maar in die sewende jaar moet daar vir die land volkome rus wees, ‘n sabbat vir die HERE; jou land mag jy nie saai en jou wingerd nie snoei nie.

Lev 25:5 Wat van jou oes opslaai, moet jy nie afoes nie, en die druiwe van jou ongesnoeide wingerdstok nie afsny nie. Dit moet ‘n jaar van rus vir die land wees.

Lev 25:6 En die opbrings van die sabbat van die land sal julle voedsel wees; vir jou en jou slaaf en jou slavin en jou dagloner en jou bywoner wat by jou vertoef,

Lev 25:7 en vir jou vee en die wild wat in jou land is, sal die hele opbrings daarvan wees om te eet.

Skriflesing: 2 Kronieke 36:14- 23; Levitikus 25:1-7

Teks: 2 Kronieke 36:21

Sing- Ps. 84:1,2; Ps. 32:5; Ps. 55:1,7; Ps. 40:5

Wanneer ons die reeks oor grond vandag afsluit, broeder en suster, dan sal ons met mekaar saamstem daar het mooi dinge met grond gebeur, daar het ook verskriklike dinge met grond gebeur. Ons het Barnabas se grond-transaksie gesien as dit wat mooi was. Die kerk het gebaat by Barnabas wat sy grond verkoop het. Sy geloof het in hierdie transaksie geskitter. Hy het geglo in die lewe vóór die dood, waar hy die lewe ná die dood in heeltemal ander lig begin sien het. Hy het nie meer 'n stuk grond nodig gehad om die lewe, om Jesus Christus in te wag nie, want Jesus het klaargekom, die lewe voor die dood, het vóór hom, Barnabas gekom...

Die volgende week was Judas Iskariot se beurt, iets verskriklik gebeur. Die geld waarmee hy Jesus verraai het, die geld in die verraaiers se hande wat hy in die tempel kom neergooi het, word deur die kerkleiers van daardie tyd gebruik om grond te koop, 'n begraafplaas vir vreemdelinge.

Dit het ons laat besef as Christus sterf dan skeur die voorhangsel in die tempel, dan gaan daar grafte oop, almal wat in Christus gesterf het, sal in Hom lewe. Hulle gaan met Christus se opstanding die stad in, daar is nie meer in Christus Jood of Griek, slaaf of vryman nie. Die koop van 'n stuk grond om mense as vreemdelinge daar eenkant neer te lê is skreiend en vloekend teen God se opdrag met die gewetensvraag- waarom is hulle vreemdelinge? Is die Woord van die Here wel aan hulle verkondig dat hulle nie meer die etiket vreemdeling dra nie, of beskou die mens dit as 'n prestasie om dooies eenkant te plaas wat ons vreemdelinge noem, maar dit nie moes wees nie?! Is mense wat ons vreemdelinge noem, noodwendig vreemdelinge in God se oë, mag hulle dit wees?!

Daarna was ons gebring by Isak en sy putgrawers wat wys hoe die sagmoedige die aarde kan beërwe. Hulle grawe 'n put wat in grond-terme Rehoboth genoem word, die Here het vir ons ruimte gemaak. Toe was Jeremia aan die beurt. Hy is in die tronk maar hy ontvang opdrag om grond te koop. Hy sal baie lank vir die grond moet wag om vrug te lewer, daarom moes die aktes in 'n kleipot gesit word. Die les in daardie grond was dat die gelowige in vertroue moet voortgaan al maak jou eie grond transaksie vir jou nie sin nie en lyk dit glad nie logies en winsgewend te wees nie. Die vraag is wat dit beteken om in die geloof te volhard, al wil

die omstandighede rondom ons alle redelike geloof in twyfel begin trek en jou laat glo dat om te glo jou niks meer baat nie...

En verlede Sondag was ons by Job- die grond moet nie my bloed toemaak nie. Ja, die grond moet die hemele trotseer. As die grond die bloed openbaar dan weet ons dat bloed het 'n stem. Bloed praat, al van Abel se tyd af. Job wil vanaf die grond met die bloed openlik daarop die hemelse Getuie as skeidsregter, as getuie inroep. Alles moet wys dat Job op grond van wat God doen swaarkry, en nie op grond van homself het hy die ellende veroorsaak nie. 'n Feit wat deur Job se vriende elke keer misgekyk word. God mag maak wat Hy wil en dan het geen mens daarvoor 'n sê en daarvoor beheer nie. Die soewereine God is aan die mens geen rekenskap verskuldig nie. Ons besef op hierdie aarde, grond is getuie van baie dinge, ook van swaarkry, van ellende, van droogtes, van misoeste, van erosie, van besoedeling, grond is getuie van die dood, ja bloed val daarop maar God maak met die grond wat Hy wil. Grond is deel van God se soewereiniteit net soos wat die mens daarvan deel is.

En nou vanoggend is dit belangrik dat ons met hierdie voorbereiding vir die Nagmaal besef, jy as mens het rus nodig, maar weet jy hoe belangrik beskou God dit dat daar vir grond ook rus moet wees. 'n Sabbat vir die land word dit genoem. Ja, daar was in die tyd van Moses duidelik gemaak ses jaar mag die grond bewerk en besaai word, haal die beste oeste wat jy kan van die grond af maar het die Here gesê, ná elke ses jaar, m.a.w. met die sewende jaar moet dit 'n jaar van volkome rus vir die grond wees. Die Here beskou dit as deel van sy Sabbat, ook as die grond moet rus. Die aarde moet ook sy Sabbatsrus kan geniet. Dink u in daardie vertrouwe wat Israel moes hê dat as hulle nie in die sewende jaar mag saai en oes nie, maar gelewe het van die Here se belofte dat in die sesde jaar sal die Here sy seën sodanig gebied dat hulle oes die opbrengs vir drie jaar sal oplewer. Feitlik/in werklikheid kom dit daarop neer dat eers in die derde jaar na die sabbatsjaar alles weer sy gewone loop hervat. Hulle mag eers weer in die agtste jaar saai en dan die opbrengs eet tot die negende jaar toe. Die Here belof dat in sy wonderbaarlike beskikking Hy vir sy volk sal sorg. Israel het hiermee nie rekening gehou nie.

In 2 Kronieke gebeur daar wat ons met verbasing aanhoor. Die laaste hoofstuk staan dit hoe die mure afgebreek lê, die inwoners van Israel is in ballingskap weggevoer, vir 70 jaar sal die stad en die land in stukke lê, maar die ironie is, ja dit is méér as 'n ironie, dit wat die land in

hierdie tyd ontvang is die Godgegewe rus wat die grond moet ontvang en wat die mens nie vir die grond en vir ander mense wou gee nie.

Ons beseft dat in al die dinge wat die Here in die begin geskape het daar tussen die geskape dinge 'n onlosmaaklike band bestaan. Gen. 2:7 lees ons: *7 En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword.* Die band tussen grond en mens bestaan duidelik. Selfs die naam wat die Here die eerste mens gee, *Adam* en die woord wat gebruik word om na die aarde te verwys *adamah* wys hierdie verband tussen Adam en adamah. Later lees ons in Gen. 2:15 - *15 Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak.* Adam moet die adamah bewerk en hy moet dit bewaar. Die grond waaruit hy gemaak is, nou word hy daarvoor aangestel. Heeltyd sien ons hierdie intieme verband tussen Adam met die geskape dinge, in besonder die onbreekbare band tussen grond en Adam. Hulle moet in simbiose of in mutualisme met mekaar staan. Beide trek uit hulle oorspronklike skepping die voordeel en kan nie sonder mekaar wees nie. Adam moet die adamah bewerk en bewaar en op sy beurt sal adamah sy vrugte aan Adam gee. Dit alles onderhewig aan die verbond wat God met Adam en die aarde gesluit het.

Ja, daar is sewe aspekte wat ons met hierdie Eden-verbond opval. Die mens moet vrugbaar wees en vermeerder en die aarde vul (Gen. 1:28), hiermee saam in die 2de plek die mens moet die aarde onderwerp, wat beteken ons moet die grond kan gebruik, die natuurlike hulpbronne, die energie, alles wat ingesluit is, die mens moet dit onderwerp, (3) die mens moet ook kan heers oor al die lewende dinge. Ons kan dit ook soos volg onderskei- die mens moet die nie-lewende dinge aan hom onderwerp en oor die lewende dinge moet hy heers. Alles, die diere op die grond, die voëls in die lug, die visse, die diere in die see...alles ... die eerste wat Adam met die gesag wat hy ontvang het, moet doen is om name aan die diere te gee. Die vierde deel van die Eden-verbond handel rondom die voeding van die mens, dit sluit vrugte en groente in, al die plante wat saad gee, al die vrugte waar boomvrugte aan is...dit sal vanuit hierdie verbond die mens se voedsel wees. Dan kom die vyfde aspek van die verbond, om die tuin te bewerk en te bewaak. Werk sou 'n vreugde wees. Die woord in die Hebreeus met bewerk vertaal dui ook op dienswerk. Die mens wat tot voordeel van mens en die grond dit moet bewerk, aan mekaar diensbaar moet wees. Hierdie werk sou nie swaar wees nie. Die bewaak deel dui op beskerming, op werklike omgee vir die grond. Daar sit

selves in die woord iets van 'n liturgiese- kultiese betekenis wat met die reinigingsgebruike van die priesters verband hou.

Die sesde aspek van die Eden-verbond is die verbod om van die boom van kennis van goed en kwaad te eet. Dit was die enigste negatiewe bepaling in hierdie ontsaglike ryke verbond wat die Here aan die begin gegee het. Hierin is die mens se gehoorsaamheid getoets. Die vraag was hoe reageer die mens op alles wat net goed en ryklik geseënd was. God het so baie dinge aan die mens onderwerp maar nou kom die toets in die mens se onderwerping aan God. Daar was nooit sprake dat die mens onafhanklik van God moet wees nie. Die 7de en laaste bepaling is wanneer die mens nie gehoorsaam sal wees nie, dan sal daar straf wees. Daar sal iets van 'n geestelike dood intree, die mens sal vervreemd word van God maar ook van alles wat goed en reg is. U weet wat die mens se keuse was, die tragiese sondeval!

Die sondeval het tot in die grond deurgewerk. Die grond sal nou ook distels, dorings, onkruid voortbring. Ons hoor na die eerste moord op aarde hoe die grond geraak is. Dit word erger. Ons het verlede Sondag gehoor hoe dit bloedgrond geword het. Die Here sê vir Kain- **10** *Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af.* **11** *Daarom sal jy vervloek wees, ver van die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang.* **12** *As jy die grond bewerk, sal dit sy vermoë aan jou nie meer gee nie; 'n swerwer en vlugteling sal jy wees op die aarde.*

Die vloek wat God oor die sondige mens laat kom, het ook die aarde getref vanweë die onlosmaaklike band wat die mens met die aarde het. Wanneer die Nuwe Testament wys hoe swaar die aarde kry vanweë die mens se sonde dan lees ons in Rom.8- **22** *Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe.* Dit nadat ons gehoor het, dat die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. **20** *Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het* **21** *in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlijkheid van die kinders van God.* Daardie onlosmaaklike band, die mees intieme band tussen die mens en die grond word wéér al duideliker.

Wanneer ons op hierdie aarde na ons eie swaarkry kyk, na hoe ander swaarkry, dan is die Here se Wet daar, nie net om die mens rus te gee nie, maar ook die grond, die aarde moet sy

rus kan kry. Die Sabbat is nie net vir die mens bedoel nie maar is bedoel vir die hele skepping. Elke sewende dag se rus en wat die Here duidelik maak dat elke sewende jaar se rus maak dat die grond optimaal gaan bly te midde van baie dinge wat dáárop verkeerd is. Die Wet is in alle geval gegee tot genesing vir dié wat dit onderhou- **6 en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou...** Hiermee saam lees ons in Deut. 4:40- **40 En jy moet sy insettinge en sy gebooie hou wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou en jou kinders ná jou goed mag gaan, en dat jy die dae mag verleng in die land wat die HERE jou God jou vir altyd sal gee.**

Ons hoor nou ook die ander kant. Wie vir die Wet van die Here nie respek het nie, het ook nie vir die grond respek nie. In Lev. 26 is dit so duidelik, as daar nie na die Here geluister word nie, sy gebooie word nie gedoen nie dan waarsku die Here sy volk. Ja, meer as 50X word in Lev. gesê dat die Here sy wette en ordinansies aan Moses gegee het om na te kom. Al staan daar meer as 1000 jaar tussen Moses en die Kronieke-skrywer moet die Sabbat vir die grond in ere gehou word. **33 En Ek sal julle onder die volke verstrooi en 'n swaard agter julle uittrek; en julle land sal 'n wildernis en julle stede puinhope word. 34 Dan sal die land vir sy sabbatte vergoeding kry, al die dae van sy verwoesting, terwyl julle in die land van julle vyande is; dan sal die land rus en vir sy sabbatte vergoeding gee. 35 Al die dae van sy verwoesting sal dit rus die rus wat dit nie gehad het in julle sabbatte toe julle daarin gewoon het nie.**

Die land moet sy Sabbatte kry, die grond moet rus kry, daar kom 'n vergoeding in die grond as dit sy Sabbat kry, want hierdie bevrydingsteken, hierdie genadetekens, was terselfdertyd gegee as teken vir die bevryding van mense. Dit wat Christus kom doen het, is vooraf in die grond afgeteken. Hy wat die sondaarmens in sy geestelike armoede kom verlos het. Hoe salig is die armes van gees want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele...

Vooraf sien ons in die grond die die bevryding van die armes. Die grond verkondig Christus. Die sewende jaar, sabbatsjaar dan moet die aarde rus en die mense moet met mekaar rustig raak. Rus en genesing is wat Christus gebring het. Daar kom genesing as mense mekaar geld skuld, jy het iemand se slaaf geword oor jy so baie aan hom verskuldig is, maar hierdie sewende jaar dan moet die uitbuiting van die grond en die uitbuiting van mekaar op die basiese dinge afgeskryf word. Dit gaan nie daarvoor as jy skuld het rondom luukse dinge dan word daardie skuld sommer afgeskryf nie, nee, maar die skuld wat grondskuld sou wees,

voedselskuld, skuld in noodsaaklike lewensmiddele, dit word afgeskryf. Dit is hoe die Here dit in Israel bepaal het. So het die ekonomie en die grond met mekaar saamgewerk en saamgehang.

In Jer. 24 hoor ons hoe Israel hulle voorgeneem het om die sabbatsjaar na te kom. Met sy mooiste beloftes en voornemens, toe die swaarkry daar was, toe besef hulle ons mors met die sabbatdag en hoe die sabbatsjaar moet werk. Ons lees die belangrike gebeure... - **8** Die woord wat van die *HERE* tot Jeremia gekom het nadat koning Sedekía 'n verbond gesluit het met die hele volk wat in Jerusalem was, om vir hulle 'n vrylating uit te roep, **9** dat elkeen sy slaaf en sy slavin, 'n Hebreuse man of Hebreuse vrou, vry moet laat weggaan, sodat niemand 'n Jood, sy broer, vir hom diensbaar sou maak nie. **10** En al die vorste en die hele volk wat die verbond aangegaan het, het gehoor gegee dat elkeen sy slaaf en sy slavin vry sou laat weggaan, sodat dié nie meer aan hulle diensbaar sou wees nie; ja, hulle het gehoor gegee en hulle laat weggaan. **11** Maar daarna het hulle weer die slawe en slavinne laat terugkom wat hulle vry laat weggaan het, en hulle het dié as slawe en slavinne onderdanig gemaak. **12** Toe het van die *HERE* die woord van die *HERE* tot Jeremia gekom en gesê: **13** So spreek die *HERE*, die God van Israel: Ek het 'n verbond gesluit met julle vaders op die dag toe Ek hulle uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het, met die woorde: **14** Aan die einde van sewe jaar moet julle elkeen sy broer, die Hebreër wat aan jou verkoop is en jou ses jaar lank gedien het, laat weggaan; jy moet hom as vryman van jou af laat weggaan. Maar julle vaders het na My nie geluister en geen gehoor gegee nie. **15** En julle het vandag tot inkeer gekom en gedoen wat reg is in my oë, om 'n vrylating uit te roep, elkeen vir sy naaste; en julle het 'n verbond gesluit voor my aangesig, in die huis waaroor my Naam uitgeroep is. **16** Maar julle het weer gedraai en my Naam onheilig, en elkeen het sy slaaf en sy slavin wat julle vry laat weggaan het volgens hulle begeerte, laat terugkom; en julle het hulle onderdanig gemaak om julle slawe en slavinne te wees.

Broeder en suster wat met Juda gebeur het, rondom die rus van die grond, rondom die feit dat mense met mekaar rustig moet kan raak, is nie nagekom nie. Dit was gruwelike ontrouheid, verbondsbreuk teenoor die Here. As dit swaar gaan, dan luister ons, as dit beter gaan dan hardloop ons agter ons eie voordele en eie gewin aan. En met Jeremia weet ons die gevolg. Hierdie skending van die Sabbatte in al sy vorme, ná elke ses dae, ná elke ses jaar, na elke 7x7 jare, elke 50ste jaar, was die Sabbat op die tafel maar Israel het dit van hulle tafel afgevee, wat aanleiding gegee het tot Israel se bittere ballingskap. Wanneer ons die parallelle

gedeeltes lees dat met die wegvoering in ballingskap, waar Israel hulle land en grond verloor het, is dit opvallend in 2 Kon 25, dat die heel armste mense van Juda nie weggevoer is nie. Hulle wat as slawe vrygestel oes gewees het en toe nie vrygestel is nie. Hulle kon uiteindelik die grond geniet waarvan die vrugte van hulle ontnem is toe die sabbatsbepalinge vir solank geminag was, wat eintlik vir hulle herstel bedoel was. Die meule van die Here maal stadig, maar Hy maal seker. Dit kan ons maar in ons land ook weet en sien...

Ons moet afsluit, hoe gaan dit met ons gronde, ons riviere, ons myne, hoe gaan dit met weiding en die boerdery bedrywe, ons watervoorrade en watergehalte in ons land in die geheel. Oor riviere en myne en ons watervoorrade en gehalte van baie riviere se waters staan menslik gesproke *Ikabod*...of mag ek dit nie so negatief stel nie. Ons sal moet wakker word. Ons sal geskok wees as ons besef hoeveel siektes en ellende gaan mense deur net omdat hulle eintlik 'n stelsel moet deurleef waar ons waters en kos stelselgif bevat. 'n Gestadigde dood omdat gemaak word of dit nie so erg is nie. Hoe lank nog sal die aarde, sal die grond al die gemors kan vat wat hierop aan die gang is?! Die olie wat in die see gestort word, dink maar hoe lank daar met BP gewerk moes word om hulle olie-gemors aan die kus van Louisiana en Florida te stop deur 'n onmeetbare stroom van petrol wat deur die toedoen van die mens die see se waters instoot. Gemors op gemors, ja as dit nie vir genade op genade was nie, dan was die gemors op gemors al lankal bo-oor ons.

U dink miskien slawerny is verby. Ons staan geskok as ons besef wat in die wêreld met slawerny aan die gang is. In Oktober (16-19 Okt.) sal daar 'n konferensie oor hierdie onderwerp in Potchefstroom wees. Van die syfers wat genoem word, is dat 'n beraamde 27 miljoen mense, meer as ooit tevore in die geskiedenis hulleself in een of ander vorm van slawerny bevind. Dr. Thomas Schirrmacher, 'n prof. in Christelike etiek wys op jong meisies en jong mans wat dwangarbeid in die mees onmenslike omstandighede moet verrig. Talle is seksslawe wat gereed moet wees om enigiets te doen wat die kliënt vereis, soveel as 40 tot 60 keer per dag. In baie gevalle is hulle met vals aanbiedinge en beloftes van werk uit hulle geboortelande gelok en in vals finansiële skuld gedryf, waarna hulle gedreig, mishandel en uitgebuit word.

Ja, broeder en suster ons, maar ook ons aarde smag na die rus wat eintlik die aarde toekom. Hoe baie mense wat nie rus nie! Die ballingskap in Israel gebeur sodat die land vir sy Sabbatte vergoeding kan kry. Vir 70 jaar die ballingskap. Ons vier DV volgende Sondag

Nagmaal. Mag dit vir u betekenis verkry, ook kragtens Sabbatsbetekenis, grondbetekenis, ons moet leer om al meer op die Here te vertrou.

AMEN